## NOORD-KOREA (Nr 1 op Wêreldwaarnemingslys 2024)

Bevolking: 26,3 mil; Godsdiens: Ateïstiese staat.
Leier: President Kim Jong Un

**HET JY GEWEET?** Dit is sonder twyfel ŉ doodsvonnis om in Noord-Korea as ŉ Christen geïdentifiseer te word. Gelowiges word as politieke misdadigers na arbeidskampe gestuur – waar hulle ŉ lewe van dwangarbeid in die gesig staar, wat min oorleef – óf hulle word summier doodgemaak. Dieselfde lot wag op hul familielede. Daar word glo tienduisende Christene in arbeidskampe regoor die land aangehou.
Dié betreurenswaardige behandeling van gelowiges word gedryf deur die outoritêre regime se siening dat Christene ŉ besondere bedreiging vir die land se leierskap en samelewing inhou. Die "teen-reaksionêre denkwet" (in Desember 2020 bekragtig) stel dit duidelik dat om ŉ Christen te wees of om ŉ Bybel te besit, ŉ ernstige misdaad is en swaar gestraf sal word. Kerke wat aan besoekers in Pyongyang vertoon word, dien slegs as propaganda. . *(Open Doors)*



Geneem uit CIA World Fact Book

**Bid asb :**

- Bid dat gelowiges wat weens hul geloof tronkstraf uitdien, altyd God se liefde en teenwoordigheid sal ervaar.
- Bid dat geheime gelowiges teen die owerhede se ondersoeke beskerm sal word wanneer hulle bymekaarkom.
- Bid dat Kim Jong Un se regime meer ontvanklik sal raak vir die internasionale gemeenskap se bystand.

*"Moenie agter afgode aan wegdraai nie. Hulle kan nie help of red nie" (1 Sam 12:21)*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## SOMALIË (Nr 2 op Wêreldwaarnemingslys 2024)

Bevolking: 13 mil; Godsdiens: Moslems 99.9%; Etniese gelowe 0,1%; Amptelike taal:Somali, Arabies; Geletterdheid 41%

**HET JY GEWEET?** Dit is uiters gevaarlik om ŉ Christen in Somalië te wees. Die meeste Christene is bekeerlinge vanuit ŉ Moslem-agtergrond. Hulle is gesogte teikens vir Al-Sjabaab, ŉ militante groep wat herhaaldelik die begeerte uitgespreek het om die land se Christene uit te roei. Indien hulle geïdentifiseer word, kan gelowiges summier doodgemaak word.
Die Somaliese samelewing is oorweldigend konserwatief en om vanaf Islam te bekeer, word as verraad teen hulle kultuur beskou. Christen-bekeerlinge ondervind oorweldigende druk van hul families en plaaslike gemeenskap, en dit kan tot teistering, intimidasie en selfs die dood lei.
Kerklike lewe bestaan nie in Somalië nie. Die gevaar virt Christene, het die afgelope jare toegeneem namate Islamitiese militante hul vervolging van Christen-leiers verskerp het. Opening van kerke ondervind hewige weerstand. *(Open Doors)*



Geneem uit CIA World Fact Book

**Bid asb :**

- Bid dat gelowiges wat alles waag om Jesus te volg, krag sal hê om te volhard.
- Bid vir die beskerming van Christene wat vervolging deur Islamitiese militante, hul gesinne en gemeenskappe in die gesig staar.
- Bid dat geïsoleerde gelowiges geleenthede sal kry vir samesyn met mekaar

*"Mense oor die hele wêreld sal die Here erken en hulle tot Hom bekeer." (Ps 22:28)*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## LIBIË (Nr 3 op Wêreldwaarnemingslys 2024)

Bevolking:7,1 mil. Godsdiens: Moslems 99%; Christene 0,5%
Amptelike taal: Arabies; Geletterdheid 76%

**HET JY GEWEET?** Libië is steeds ŉ plek met baie min politieke stabiliteit. Groot dele van die land ervaar voortslepende anargie en word deur militante magte regeer. Hulle word met die amptelike regering (in die weste van die land) of die Libiese nasionale weermag (in die ooste) verbind, beide met ŉ sterk Islamitiese invloed. Weens dié wetteloosheid kan Christene maklik met geweld geteiken word en dood in die gesig staar.
Bekeerlinge vanaf Islam staar die mees intense en gewelddadige druk van hul families en gemeenskappe in die gesig. Hulle kan met huisarres, aanvalle, ontvoering, seksuele geweld en moord geteiken word.
Selfs Christene van ander dele van Afrika word deur ekstremistiese groepe geteiken. Christene is ontvoer en in ŉ paar hoëprofiel-voorvalle wreed vermoor. Christene van Afrika suid van die Sahara staar bykomende gevare in die gesig. Hulle kan weens hul gebrek aan amptelike status ontvoer en vir mensehandel gebruik word..



Geneem uit CIA World Fact Book

**Bid asb :**

- Bid vir stabiliteit en dat die orde in Libië herstel sal word.
- Vra God om migrerende Christene te beskerm sodat hulle teen militante ekstremiste beskerm sal word.
- Bid dat God sy mense sal help om samesyn met mekaar te vind.

*"Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie." (Kol 2:8)*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## ERITREA (Nr4 op Wêreldwaarnemingslys 2024)

Bevolking: 9,6 mil; Godsdiens: Islam 96,6%; Christene 0,16%;
Amptelike taal: Farsi; Geletterdheid 88,9%

**HET JY GEWEET?** Eritrea het 'n sterk outoritêre regering en erken slegs drie Christelike denominasies (Eritrese Ortodoks, Rooms-Katolieke en Luthers). Maar selfs dié kerke word streng deur die regering dopgehou. Christene wat tydens klopjagte in onerkende denominasies betrap word, kan na Eritrea se berugte gevangenisnetwerk gestuur word. Huidige ramings dui daarop dat ongeveer 1 000 Eritrese Christene in tronke opgesluit is sonder dat hulle van enige misdaad aangekla is. Lede van sommige huiskerke is al meer as tien jaar in tronke opgesluit. Hier word hulle onder skokkende toestande, soos eensame opsluiting in klein selle, aangehou. Meeste oorleef nie.
Die regering monitor elke Eritrese burger en bevorder ŉ stigma teen Christene.. (Open Doors)



Geneem uit CIA World Fact Book

**Bid asb :**

- Bid vir genade vir gevangenes en diegene wat teen hul wil in die weermag gedwing word.
- Bid dat God se Heilige Gees gevange gelowiges sal vertroos en ŉ metgesel vir hulle sal wees.
- Bid dat God die hart van president Afwerki en sy regering sal verander om Christene toe te laat om Jesus vrylik te volg.

*Ek het my wil geopenbaar aan 'n volk wat nie na My gevra het nie. (Jes. 65:1)*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**